higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

TOERISTEBESTEMMINGS N4

(22030044)

31 Mei 2019 (X-vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Kandidate mag enige hulpbronne in die eksamenlokaal inneem; studenteportefeulje, handbook, atlas, kaarte, reisgidse, brosjures en GSA-tydskrif (Februarie-uitgawes)

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

154Q1J2131

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOERISTEBESTEMMINGS N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

1.1 Wat is ’n *skaal* met betrekking tot ’n kaart? (2 × 2) (4)

1.2 Verduidelik ’n lineêre skaal deur middel van ’n voorbeeld. (2 × 2) (4)

1.3 Noem VYF funksies van kaarte. (5 × 2) (10)

1.4 Noem die breedtelyn wat deur die noordelikste deel van Suid-Afrika loop. (2)

1.5 Noem VYF Suid-Afrikaanse provinsies sonder ’n kuslyn. (5)
[25]

VRAAG 2

2.1 Bespreek die betekenis van die Nasionale Vrouedag wat jaarliks op 9 Augustus in Suid-Afrika gevier word. (2 × 2) (4)

2.2 Noem VIER veiligheidswenke om die veiligheid van reisigers te verseker terwyl hulle Suid-Afrika verken. (4)

2.3 Wat is die naam en plek van die gemengde (natuurlike en kulturele) Wêrelderfenisgebied in Suid-Afrika? (2 × 2) (4)

2.4 Gee EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (2.4.1–2.4.3) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Nelson Mandela; Sotho; Thabo Mbeki; Hakskeenpan; Zulu; Vryheidspan

2.4.1 Die … kultuurgroep is die grootste kultuurgroep in die Vrystaat.

2.4.2 … was die eerste demokratiese president van Suid-Afrika.

2.4.3 … is ’n wêreldbekende soutpan in die Noord-Kaap.

(3 × 1) (3)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.

VRAAG 3

3.1 Kies ’n besienswaardigheid uit KOLOM B wat by ’n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Oranjerivier stort 56 m oor regaf-granietklippe	A	Papkuilsfontein
3.1.2	Grootste teleskoop in die Suidelike Halfrond	B	Sakkie se Arkie
3.1.3	Gedenk die Anglo-Boereoorlog (1899–1902)	C	Augrabieswaterval
3.1.4	Tuiste van Khoisan-rotsskilderings	D	Hotazel
3.1.5	’n Houtboot wat op die Oranjerivier in Upington vaar	E	SALT
		F	Black Rock
		G	Monument Kopje

(5 × 2) (10)

3.2 Noem die dorp in die Noord-Kaap waar toeriste aan die volgende toeriste-aktiwiteite kan deelneem:

3.2.1 Sterrekykery

3.2.2 Sandbordry

3.2.3 Witwaterry

3.2.4 Valskermsweef

3.2.5 Kwadfiets, 4×4 en duinebesies

(5 × 2) (10)

3.3 Noem die dorp in die Noord-Kaap waar elk van die volgende toeriste-aantreklikhede geleë is:

3.3.1 Lekkersing

3.3.2 Schumann-klipversameling

3.3.3 Skaaprivier-voetslaanpad

3.3.4 Moffat-sendingstasie

3.3.5 Barkly-brug

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

3.4 Noem VYF toeriste-aantreklikhede in Kimberley, die hoofstad van die Noord-Kaap. (5)

3.5 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

DIE STORMSRIVIER-HANGBRUG

Op die beroemde Tuinroete is ’n landskaprit van meer as 200 kilometer wat van die Oos-Kaap tot die Wes-Kaap strek. Die Stormsrivier-hangbrug word hier aangetref en is een van die gewildste besienswaardighede in die Tsitsikamma Nasionale Park, ’n pragtige kusreservaat wat nou deel van die Tuinroete Nasionale Park is. Die brug van 77 meter lank oorspan die bruisende, skuimbedekte water van die Stormsriviermond, wat minder as sewe meter onder die brug druis en spat soos wat dit met die Indiese Oseaan ineenvloei. Besoekers wat op die brug staan, voel asof hulle bokant die onstuimige see dryf. Om by die brug uit te kom, stap besoek besoekers deur 900 meter van beeldskone voëlryke woud vol watervalle en uitkykpunte waar hulle kan stop en rus terwyl hulle die uitsigte oor die see bewonder. Twee kleiner hangbrûe lei stappers terug na die voetpad vir die stap terug. Ná die lonende staptog, wat ongeveer 30 minute na weerskante neem, kan honger stappers by die nabygeleë lodge se restaurant iets te ete kry.



3.5.1 Noem die poort na die Tuinroete. (1)

3.5.2 Noem TWEE watermassas waar die brug geleë is. (2)

3.5.3 Verduidelik hoe die brug bereik kan word. (2)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1.1 Bloemfontein is Suid-Afrika se geregtelike hoofstad.

4.1.2 Ventersburg is 'n tuiste van Suid-Afrikaanse steenkool-, olie- en gasaanlegte.

4.1.3 Welkom is die tweede grootste dorp in die Vrystaat.

4.1.4 Dealesville word deur soutpanne omring.

4.1.5 Die sokkerklub Kaizer Chiefs is in Betlehem gebaseer.

(5 × 2) (10)

4.2 Noem die dorp in die Vrystaat waar elk van die volgende geleenthede plaasvind:

4.2.1 Kwiltfees

4.2.2 Macufe

4.2.3 Kersiefees

4.2.4 Bloemskou

4.2.5 Vrystaat Kunstefees

(5 × 2) (10)

4.3 Noem VYF toeristestreke in die Vrystaat. (5)

4.4 Kies 'n besienswaardigheid uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.4.1	Daar is 'n oorvloed van goud- en diamant-geskiedenis hier	A	Die Oog van Zastron
		B	Wepener
4.4.2	Dorp met Franse invloed	C	Vredefort
4.4.3	'n Gat van 9 m breed in die Aasvoëlberg	D	Lejweleputswa
		E	Springfontein
4.4.4	Spin-en-weefskool	F	Parys
4.4.5	Wêrelderfenisgebied	G	Fauresmith

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.5 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

JASPER-SONPLAAS

Toe dit in 2014 aangeskakel is, is die Jasper-sonplaas naby Kimberley beskou as die grootste werkende sonkragprojek op die vasteland van Afrika.

Dit was ook die eerste belegging in hernubare energie in Afrika deur soekenjinreus Google, wat na bewering VS$12 miljoen (ongeveer R103 miljoen) in die projek belê het.

Ander beleggers sluit in Rand Merchant Bank, die Openbare Beleggingskorporasie, die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika en die Peace Humansrus-trust.

Die 96 megawatt-aanleg, met 325 000 sonpanele, lewer elke jaar ongeveer 180 000 MWh skoon energie vir die land en, soos met al die ander ondernemings wat deel uitmaak van die REIPPPP (verkrygingsprogram vir onafhanklike kragprodusente van hernubare energie), gaan 'n deel (1,6%) van die inkomste na programme vir landelike ontwikkeling en opvoeding vir plaaslike gemeenskappe.

Die projek het tydens konstruksie honderde mense in diens geneem, en 50 permanente werknemers onderhou nou die aanleg.

Jasper is reusagtig. Die sonpark waarin dit geleë is, wat deur die maatskappy Solar Reserve ontwikkel is, sluit ook in die Lesedi-sonkragprojek van 75 MW en die Redstone Solar Thermal Power-projek, die eerste van sy soort in Suid-Afrika.

In vergelyking met die Medupi-projek, wat vier jaar agter was toe Jasper aangeskakel is, is sonkrag baie meer mededingend, veral in plekke soos Brasilië, China, Chili en nou Suid-Afrika.

4.5.1 In watter provinsie is die Jasper-sonplaas? (2)

4.5.2 Noem DRIE beleggers, buiten Google, wat in hierdie belangrike ekonomies versterkende aktiwiteit belê het. (3)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem die toeriste-aantreklikheid en stad/dorp of plek in elk van die prente hier onder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1



5.1.2



5.1.3



5.1.4



5.1.5



(5 × 2) (10)

5.2 Gee die bynaam van elk van die volgende dorpe/stede in Suid-Afrika:

5.2.1 Polokwane

5.2.2 Stellenbosch

5.2.3 Mafikeng

5.2.4 Bloemfontein

5.2.5 Pretoria

(5 × 2) (10)

5.3 Noem die Groot 7 van die Oos-Kaap. (7)

5.4 Noem DRIE nasionale parke wat in die Oos-Kaap geleë is. (3)

Kopiereg voorbehou

5.5 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

GARIEPDAM, 'N FOREVER RESORTS-OORD

Bekroonde Gariep, 'n Forever Resorts-oord, is die perfekte oornagpunt tussen Gauteng en die Kaap-provinsie, 180 km suid van Bloemfontein, 'n entjie van die N1 af. Die Gariepdam is die grootste dam in Suid-Afrika.

Die Gariepdamgebied is bekend vir sy stil en ontspanne atmosfeer, vars lug en pragtige sterre snags. 'n Verskeidenheid akkommodasie is beskikbaar. Dit is 'n belangrike besienswaardigheid vir toeriste regoor Suid-Afrika, en die fokus is op watersport en die natuur, met 'n helder lug vir sterrekykery. Dit word omring deur natuurreservate met wilde diere wat oor oop vlaktes hardloop. Dit is 'n plek om te ontspan in die Noordelike Karoo.

5.5.1 Noem die DRIE provinsies wat aan die Gariepdam grens. (3 × 2) (6)

5.5.2 Wat word bedoel met die term *sterrekykery*? (2)

5.5.3 Watter toerismeroete loop om die Gariepdam en sluit 'n stop by die 80 km-Ovistontonnel in? (2)

[40]

VRAAG 6

6.1 Kies 'n aktiwiteit uit KOLOM B wat by 'n plek in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.1.1	Roma	A	ponietrek
6.1.2	Katse Dam	B	visvang
6.1.3	Malealea	C	ski
6.1.4	Maletsunyane	D	abseil
6.1.5	Oxbow	E	bergfietsry
		F	sterrekykery
		G	sandbordry

(5 × 2) (10)

6.2 Noem die lughawe en lugvervoerpoort in Lesotho. (2 × 2) (4)

6.3 Noem die ekstreme 4×4-roete wat ook die hoogste bergpas in Suider-Afrika is. (2)

6.4 Beskryf die Lesotho Sky-bergfietswedren. (4 × 2) (8)

6.5 Beskryf kortliks die belang van die volgende plekke langs die Koning Moshoeshoe Geskiedkundige Roete:

6.5.1 Botha Bothe-plato

6.5.2 Menkhoaneng

6.5.3 Lipetu

(3 × 2) (6)

6.6 Lesotho staan ook as … bekend. (2)

6.7 Bespreek die politiese struktuur van Lesotho. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 7

7.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.1.1–7.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

7.1.1 Die … lughawe in Mpumalanga is redelik onlangs in gebruik gestel.

A Hazyview
B Barberton
C Kruger Mpumalanga Internasionale
D Graskop

7.1.2 Fossielbewyse van die oudste bakterieë op die planeet is by … gekry.

A Skakuza-kamp
B Orpen
C Satara
D Barberton Makhonjwa-georoete

7.1.3 Vanaf Hazyview lei die …-hek na die Nasionale Krugerwildtuin.

A Numbi
B Graskop
C Nelspruit
D Pelgrimsrus

7.1.4 Die Grootdraaidam is by …

A Balfour.
B Amersfoort.
C Ermelo.
D Standerton.

7.1.5 … is die grootste uitvoerder van tulpbolle in die Suidelike Halfrond.

A Dullstroom
B Sabie
C Belfast
D Witrivier

7.1.6 Die bekende kasino in Secunda is …

A Graceland.
B Rio.
C Desert Palace.
D SASOL World.

7.1.7 Chrissiesmeer is ’n poort na …

A Eswatini.
B Zambië.
C Mosambiek.
D Namibië.

7.1.8 … is die spirituele tuiste van die Ndebele.

A Bhisho
B KwaMhlanga
C Galeshewe
D Ndebele Stad

7.1.9 Hendrina is vir ’n … gebou.

A Zulu koning
B Ndebele hoofman
C HUB van SASOL
D Libanese familie

7.1.10 Die Blyderivierspoort is ’n … besienswaardigheid.

A kulturele
B gemengde
C natuurlike
D geskiedkundige

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

7.2 Noem die toerismestreek waar elk van die volgende dorpe/stede in Suid-Afrika aangetref word:

7.2.1 Ermelo

7.2.2 Belfast

7.2.3 Secunda

7.2.4 Hendrina

7.2.5 Nelspruit

(5 × 2) (10)

7.3 Nasionale roetes in Suid-Afrika verbind groot stede en dorpe. 'n Uitgebreide padnetwerk verbind Mpumalanga aan die res van Suid-Afrika. Skryf slegs die nasionale pad wat elk van die volgende plekke verbind langs die vraagnommer (7.3.1–7.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

7.3.1 Die … verbind die grens van KwaZulu Natal en Ermelo.

7.3.2 Die … verbind Middelburg en die grens van Limpopo.

7.3.3 Die … verbind Pretoria en Witbank.

7.3.4 Die … verbind Ermelo en Wakkerstroom.

7.3.5 Die … verbind Secunda en Bethal.

(5 × 2) (10)

7.4 Die Nasionale Krugerwildtuin strek oor 'n reusagtige geografiese gebied van Suid-Afrika.

7.4.1 Noem TWEE provinsies waarin die Nasionale Krugerwildtuin geleë is.

7.4.2 Noem TWEE lande wat aan die Nasionale Krugerwildtuin grens.

(2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

7.5 Lees die scenario en beantwoord die vrae.

PORT ELIZABETH

Port Elizabeth, die gewilde toeristestad aan die einde van die Tuinroete, spog met meer as 40 kilometer se skoon en veilige strande wat al langs die skitterende Algoabaai af deur branders gespoel word. Watersport is, nie verbasend nie, ’n gunsteling tydverdryf.

Swemmers kan plas by ’n verskeidenheid strande wat met die gesogte Blouvlagstatus spog. Dit word toegeken vir voorbeeldige watergehalte en veiligheid. Dit sluit in Koningstrand, een van die gewildste strande danksy die nabygeleë restaurante en skaatsplankpark, Wells Estate-strand, met ’n plasswembad en waterglybane, en Humewood-strand. Branderplankryers kan die branders by Pollock-strand ry, en skubaduikers en snorkelduikers kan hulself in die onderwaterwêreld by pragtige Sardinia-strand dompel, wat in ’n seereservaat geleë is. Die beste visvangplekke is langs die noordelike strande soos Blouwaterbaai en Brighton-strand. Vir swem en seilplankry, vat koers na Hobie-strand naby die Boardwalk-vermaaklikheidsentrum.

Afhangende van die tyd van die jaar, kan besoekers ook die kus aan boord van ’n walviskyk-bootvaart geniet, met die kans om boggelrugwalvisse, suidelike noordkappers en Bryde-walvisse raak te sien.

7.5.1 Noem TWEE aktiwiteite wat by Sardinia-baai geniet kan word.

7.5.2 Noem TWEE plekke wat ideaal vir visvang is.

7.5.3 Watter vermaaklikheidsentrum is naby Hobie-strand geleë?

(3 × 2) (6)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou